

\*ENGLISH TEXT BELOW\*



## MAANDELIKSE NUUSBRIEF: JULIE 2018

Geagte HSAG-belegger / Mnr. / Mev. / Mej. [Customer Name]

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting kan bekom.

Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

### 1. NIE-BETALING VAN RENTE

Die meerderheid HSAG-lede het volgens die HSAG se kennis hul rente vanaf Orthotouch ontvang.

Mnr Cohen weerspreek homself in sy skrywes deur eers te sê dat die rente in ‘n “onafhanklike prokureur” se Trustrekening betaal word, want in ‘n opvolgskrywe het hy vermeld dat die rente by een van die “Groot 4” banke belê word. Namens wie belê hy die geld en vir wie kom die rentes toe?

**Beleggers word dus versoek om ‘n e-pos aan mnr Cohen of sy prokureurs te rig, met ‘n afskrif aan die HSAG, waarin u aandrang op ‘n skriftelike bewys dat u rente in ‘n ander prokureur se Trustrekening betaal is. Die e-pos kan gestuur word na [leonard.att@gmail.com](mailto:leonard.att@gmail.com) met ‘n afskrif aan [hsagwhistle@gmail.com](mailto:hsagwhistle@gmail.com).**

**Beleggers kan ook direk vir Orthotouch kontak ten einde u rentebetaling op te volg. ‘n E-pos kan gestuur word na [admin@orthotouch.co.za](mailto:admin@orthotouch.co.za) of u kan hul**

**telefonies kontak op die volgende nommer: 087 997 0545. Stuur alle terugvoer aan [hsagwhistle@gmail.com](mailto:hsagwhistle@gmail.com).**

Dit is belangrik dat elke geaffekteerde HSAG-lid ons in kennis moet stel met hul volle besonderhede indien hy / sy nie hul maandelikse rente ontvang het nie. Laat-betalings word gemaak, dus moet u asseblief tot aan die einde van Julie 2018 wag om seker te maak dat u rente nie weer laat betaal word nie.

Indien u egter nog nie u maandelikse rente ontvang het nie, moet u die fluitjie op mnr DP Cohen en andere blaas en 'n e-pos stuur na [hsagwhistle@gmail.com](mailto:hsagwhistle@gmail.com).

Die HSAG se advokatuur het instruksies ontvang vir die opstel van stukke ten einde Orthotouch en ander te verplig om rente te betaal.

**Let wel:**

- i. HSAG-lede moet die HSAG prokureurs voorsien van hul besonderhede indien hulle nie rente ontvang nie;**
- ii. HSAG-lede moet seker maak hul uitstaande HSAG-kostes op datum gebring word;**
- iii. Die HSAG regsplan kan slegs beleggers help indien die beleggers se besonderhede aan die HSAG bekend is en ons hulle ondersteuning ontvang.**

## **2. COHEN, ORTHOTOUCH EN KLOPPER PRAAT VERBY MEKAAR**

Die afgelope paar weke is beleggers oorval met onregmatige versoeke vanaf Cohen, Orthotouch en Helgard Hancke dat die Hoëveld Sindikasies (“HS”) beleggers 'n vorm moet invul waarin hulle verklaar of hulle enige litigasie teen mnr. Nic Georgiou of sy Orthotouch ondersteun, insluitend die klas-aksie. Orthotouch is 'n nominale respondent in die klas-aksie en is dit vreemd hoekom dit so erg wal gooi!

Die invul, of liever die versuim om die vorm in te vul, sou dan kwansuis bepaal wie van die HS-beleggers hul maandelikse rente ontvang of nie. In ons vorige Nuusbrief het ons die nie-betaling van HS-beleggers se rente deeglik bespreek.

Dit het egter na 'n onlangse radio-onderhoud op RSG duidelik geword dat Cohen, Orthotouch en Klopper verby mekaar praat. Nie net skeep Cohen en Klopper (wat na bewering onafhanklik en in die beste belang van die HS-beleggers moet optree) verdere verwarring nie, maar skyn dit dat nie een van die partye werklik weet waarmee Orthotouch besig is nie.

Dit het ook aan die lig gekom dat “iemand” Orthotouch se briefhoof (sonder dat Orthotouch “bewus” was) gebruik het om valse skrywes aan HS-beleggers uit te stuur – wat opsigself baie kommerwekkend is.

HSAG-beleggers moet uiters versigtig wees om enige korrespondensie vanaf Orthotouch te vertrou aangesien dit duidelik is dat daar 'n "onbekende" persoon is wat Orthotouch se briefhoof sonder toestemming gebruik om onwaarhede te versprei.

Die tydlyn van die onlangse gebeure is eintlik baie eenvoudig, as daar 'n tree terug getree word, word die prent baie duidelik:

**15 MEI 2018** – Cohen stuur 'n omsendskrywe aan HS-beleggers waarin onder andere bevestig word dat die laat-betalings van rente "onaanvaarbaar" is en dat 'n "formele aanmaningskrywe" aan Orthotouch en Zephan gerig is wat aandrang op gereelde betalings voor of op die 7de van elke maand. Daar was ook aangedui dat daar tydens 'n direksievergadering op 14 Februarie 2018 (en verskeie vergaderings daarna) bevestig was dat "die uitstaande kapitaal balans van Opsie 2 beleggers nie later as 30 Junie 2019 betaal sal word nie". Orthotouch het ook aan Cohen bevestig dat "die terme en voorwaardes van die skema wat betrekking het op die Opsie 3 beleggers vervul sal word teen 30 Junie 2018". Cohen het spesifieke melding gemaak dat hy regsaksie sou neem indien bogenoemde ondernemings nie nagekom word nie. Tot dusver het Cohen nog geen van die beweerde dokumente beskikbaar gestel nie en word sy bona fides steeds bevraagteken.

**29 MEI 2018** – Cohen stuur 'n opvolgskrywe aan beleggers waarin hy 'n opsomming gee van die hangende litigasie wat teen Orthotouch en Zephan geloods is deur verskeie beleggers/groepe. Hy noem dat Orthotouch/Zephan aangedui het dat die maatskappye gelikwideer kan word en dat rentebetalings wat aan HS-beleggers gemaak was teruggeëis sal word. Zephan in hul hoedanigheid as die Art 155 Reëling se sogenaamde "onderskrywer" het Cohen blykbaar ook laat weet het dat hulle "nie hierdie HS-beleggers kan toelaat om, onder meer, elke maand direkte volgehoue betalings ingevolge die reëling te ontvang terwyl hulle strydig optree met hul regte ingevolge die reëling se uitdruklike bepalings, nie".

Volgens Cohen is dit "uiters onregverdig" dat HS-beleggers, wat hul regte deur middel van litigasie afdwing, maandeliks rente ontvang. Zephan oorweeg ook om geen rentebetalings aan HS-beleggers te maak wat litigasie steun nie, en sê dat diegene (wat deel vorm van 'n litigasie groep) se rente na bewering in 'n onafhanklike trustrekening van 'n "onafhanklike prokureursfirma" onder Cohen se beheer, inbetaal sal word. Beleggers word dan versoek om voor 26 Junie 2018 'n vorm in te vul ten einde aan te dui of hul die reëling ondersteun, of nie, en of die belegger 'n lid id van die HSAG of enige ander gedingvoering. Indien Cohen onafhanklik is, hoekom steun hy openlik vir Zephan?

**30 MEI 2018** - Die HSBF (onder leiding van Helgard Hancke) stuur 'n Nuusflits uit aan HS-beleggers waarin gesê word dat Cohen 'n skrywe uitstuur/uitgestuur het waarin die nie-betaling uiteengesit word. HS-lede word versoek om vorms in te vul ten einde aan te dui of hul die reëling ondersteun, of nie.

**8 JUNIE 2018** – Cohen bevestig in hierdie skrywe dat rentebetalings tydig betaal was op 7 Junie 2018, maar dat diegene wat betrokke is by Hofsake en wat deel vorm van

die HSAG nie rente ontvang het nie. Die fondse is na bewering in 'n prokureursfirma se Trustrekening inbetaal en dat "die rente daarop mee gehandel word teen afhandeling van die sake". Cohen bevestig ook dat die balanse verskuldig aan die Opsie 2 beleggers betaal sal word en dat die Opsie 3 teen 30 Junie 2018 gefinaliseer sal word. Cohen beweer hy tree onafhanklik op, maar in die laaste paragraaf versoek hy dat "alle navrae aangaande die skema aan [admin@orthotouch.co.za](mailto:admin@orthotouch.co.za)" gerig moet word en dat dit baie beter is om direk kontak met "ons te maak deur voormelde epos adres".

**15 JUNIE 2018** - Die HSBF (onder leiding van Helgard Hancke) stuur 'n Nuusflits uit aan HS-beleggers waarin Cohen se optrede regverdig word. HS-lede word weer versoek om die vorms in te vul ten einde aan te dui of hul die reëling ondersteun, of nie.

**22 JUNIE 2018** – Cohen berig oor die Likwidasië-aansoek en dat hy en 'n ander belegger tussenbeide gaan/wil tree in die bovermelde aansoek. In hierdie skrywe bevestig Cohen skielik dat die geld wat in 'n trustrekening onder sy beheer inbetaal is, by een van die "Groot 4"-banke belê is, en dat betalings daaruit slegs aan beleggers of aan Zephan gedoen kan word. Hy het "geen aanspraak" op die geld nie. Cohen deel ook beleggers mee dat Orthotouch nie sy ooreenkoms ten opsigte van Opsie 2 en 3, wat hulle onderneem het om teen 30 Junie 2018 te doen, nagekom kan word nie weens "burokratiese rompslomp" en dat die transaksies op en teen die laaste teen einde Oktober gefinaliseer sal word! Weereens speel Cohen in die hand van Georgiou.

**4 JULIE 2018** – Leonard Prokureurs, wat as prokureurs van rekord namens Cohen optree, rig 'n skrywe aan Theron & Vennote ten opsigte van die nie-betaling van HSAG-lede se rentebetalinge. Daar word weereens bevestig dat Zephan nie die HSAG-lede se rente aan hulle gaan betaal nie weens die feit dat hulle regsaksies teen Orthotouch en andere voer. Daar word weer melding gemaak dat die HSAG-lede se rente in 'n aparte Trustrekening van 'n prokureur betaal is. Geen inligting van die sogenaamde prokureurs word verskaf nie.

**10 JULIE 2018** – Orthotouch stuur 'n omsendskrywe aan beleggers waarin bevestig word dat weens die voortgesette regsaksies van die HSAG en Adv. Bolt asook die Likwidasië-aansoeke, dat daar 'n "besluit" geneem was dat diegene wat die regsaksies ondersteun se rentebetalinge in 'n onafhanklike prokureur se Trustrekening betaal sal word. HS-beleggers word versoek om 'n vorm in te vul ten einde te bevestig of die Reëlinskema ondersteun word. Daar word melding gemaak dat Orthotouch bewus is van die HSBF, wat na bewering onafhanklik is, se veldtog om ook beleggers te versoek om soortgelyke vorms in te vul, en dat die HSBF daardie belegger se inligting met Orthotouch sal deel.

**10 JULIE 2018** – Die HSBF (onder leiding van Helgard Hancke) stuur weer 'n Nuusflits uit waarin bevestig word dat dit onder hul aandag gekom het dat rentebetalinge teruggehou word weens die HSAG en Adv Bolt se regsaksies. HS-lede word weereens versoek om vorm in te vul en die HSBF onderneem om die "steun" aan Orthotouch deur te gee. (Hancke het 18 maande gelede al aan beleggers voorgehou dat, as hulle

met Orthotouch / Georgiou sou skik sou hulle 50% van hulle kapitaal oor 'n tyd sou ontvang. Niks het daarvan gekom nie.)

**10 JULIE 2018** – Theron en Vennote bevestig in 'n skrywe aan Cohen se prokureurs dat Cohen en Orthotouch gebonde is aan die Art 155-Reëlinskema in terme van die Reëlinskema en 'n Hofbevel en dat dit nie eensydig gewysig kan word nie. Indien HSAG-beleggers se rentebetalinge nie betaal word nie, is hulle in minagting van 'n Hofbevel. Theron & Vennote versoek dat Cohen voor of op 11 Julie 2018 moet bevestig dat hy sal voortgaan om toe te sien dat HSAG-beleggers hul rentebetalinge sal ontvang.

**11 JULIE 2018** – Theron & Vennote rig 'n skrywe aan Orthotouch en Hans Klopper se prokureurs waarin bevestig word dat daar 'n skrywe aan Cohen se prokureurs gestuur is waarin versoek word dat rentebetalinge aan HSAG-lede gemaak moet word. Daar word ook bevestig dat Orthotouch gebonde is aan die Art 155-Reëlinskema en derhalwe geen keuse het as om rentebetalinge aan HS-beleggers te maak nie. Indien die HSAG moet verneem dat Orthotouch betrokke is by die weerhouding van rentebetalinge sal ons die Hof nader ten einde die HSAG se posisie te bevestig en dat ons ook vir gepaste Kostebevele sal vra.

**11 JULIE 2018** – Cohen se prokureur antwoord op Theron & Vennote se skrywe waarin Cohen by sy besluit (om rentebetalinge van HSAG-lede te weerhou) volstaan. Cohen het sy prokureurs instruksie gegee om die Hof te nader vir leiding met betrekking tot die weerhouding van rentes en versoek dat die HSAG die beleggers wat geraak word se besonderhede aan hulle moet verskaf ten einde die nodige Hofstukke op te stel. Tot dusver het niks daarvan gekom nie.

**11 JULIE 2018** – Cohen se prokureurs stuur enkele ure daarna 'n verdere skrywe om te sê dat dit nie meer vir die HSAG nodig is om die beleggers se inligting bekend te maak nie aangesien hulle dit “reggekry” het om die HSAG-beleggers te identifiseer. Weer eens word geen inligting verkry nie.

**12 JULIE 2018** – In antwoord op Theron & Vennote se skrywe aan NLA Legal Ing. (voorheen Natalie Lubbe & Genote) wat as prokureurs van rekord namens Orthotouch en Hans Klopper optree, rig hulle 'n skrywe waarin bevestig word dat Cohen, as die Ontvanger van die Art 155-Reëlinskema, uit eie beweging die skrywe van 4 Julie 2018 aan Theron & Vennote gestuur het en dat hy of sy prokureurs (Leonard Prokureurs) nie namens die direksie van Orthotouch of Hans Klopper antwoord nie. Orthotouch en Klopper se prokureurs bevestig dat nie Orthotouch, Orthotouch se direkteur of Hans Klopper deel is van 'n ooreenkoms ingevolge waarvan rentebetalinge aan HS-beleggers teruggehou moet word nie. Orthotouch se vermoë om te presteer, hang af van die feit of Zephan sy verpligtinge teenoor Orthotouch nakom, of nie. Daar word gedreig deur te sê dat as Zephan gelikwedeer word, Orthotouch nie sy verpligtinge sal kan nakom nie. Zephan se diskresie verskyn nêrens in Art 155 Skema nie.

**12 JULIE 2018** – Orthotouch stuur 'n skrywe uit aan beleggers waarin bevestig word dat die omsendskrywe van 10 Julie 2018 “verkeerdelik op ‘n Orthotouch-briefhoof uitgestuur” is en dat die omsendskrywe geïgnoreer moet word insoverre dit die indruk skep dat die inhoud daarvan Orthotouch se posisie verteenwoordig.

Die korrespondensie vanaf Cohen, Orthotouch en die HSBF is deurtrek met teenstrydighede! Dit is ook duidelik dat die HSBF die HS-beleggers se inligting aan sekere partye gegee het ten einde te voorkom dat rentebetalinge geskied.

Van Cohen se aanmanings aan Orthotouch en Zephan (waarin hulle aangemaan word om onder andere op gereelde betalings te maak en by die versuim die Hof te nader) het daar niks van gekom nie, intendeel, Cohen skaar hom nou by Orthotouch en Zephan se belange. Daar bestaan geen twyfel dat Georgiou, Orthotouch, Cohen en Hancke almal kop in een mus is nie en is al die korrespondensie wat uitgaan presies dieselfde.

Ons versoek alle HSAG-lede om asseblief, met inagnome van die bogenoemde, saam te staan en te veg vir wat u toekom.

### **3. DIE HOËVELD SINDIKASIE AKSIEGROEP (“HSAG”)**

Die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (HSAG) is ongeveer 4 jaar gelede op die been gebring nadat die HSAG se prokureurs, Theron & Vennote, die taak aanvaar het om duisende ontevrede HS-beleggers in die Highveld Sindikasie 15 – 22 Maatskappye te help om toe te sien dat reg en geregtigheid geskied met betrekking tot hul mislukte beleggings in die HS maatskappye.

Die totale omvang en waarde van die eisbedrae betrokke beloop 18 300 beleggers wat ongeveer R4.6 miljard belê het.

Soos in vorige nuusbriewe vermeld, is die hoofdoelstellings van die HSAG om namens sy nagenoeg 7 000 HS-lede die Hooggeregshof van Suid-Afrika te nader vir eerstens die sertifisering van 'n klas-aksie / aparte klas-aksies vir HS 15 - 22, en tweedens vir die tersydestelling van 'n Reëlinskema kragtens Art 155 van die Maatskappye Wet, onder andere ingevolge waarvan mnr Nic Georgiou, sy seuns en hul entiteite en ander Respondente algeheel kwytskeld en gevrywaar word van persoonlike aanspreeklikheid vir die skades en verliese deur die HS beleggers gely.

Die hofprosesse word ingestel ten einde alle skades en verliese te verhaal vanaf mnr Nic Georgiou, sy seuns en hul entiteite en ander Respondente wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasie Maatskappye 15 – 22 gely het.

Die HSAG dien as spreekbuis vir elke individuele HSAG-belegger en is dit die HSAG Bestuur en die HSAG se prokureurs, Theron & Vennote, se strewe om so goed moontlik na sy lede se belange om te sien en om u regte te beskerm. Daarom is dit van uiterse belang dat die HSAG-lede ook die regspan ondersteun.

In reaksie op die HSAG en sy suksesse in die howe, het Mnr. Helgard Hancke ('n voormalige en afvallige HSAG-bestuurslid), in opdrag van mnr Nic Georgiou, die HSAG gevorm en nageboots deur die sogenaamde Hoëveld Sindikalie Beleggers Forum (HSBF) te skep. Soos hierbo gemeld is die HSBF maar weer een van Georgiou se pionne.

**HSAG-beleggers moet asseblief daarop let dat die Hoëveld Sindikalie Aksiegroep (HSAG) geensins betrokke is of deel is van die Hoëveld Sindikalie Beleggers Forum (HSBF) nie.**

Die enigste doel van die forum is om verwarring onder HS-beleggers te saai ten einde goedgeelowige HSAG-lede te ontmoedig om voort te gaan met regsaksie teen mnr Nic Georgiou, sy seuns en hul entiteite en ander Respondente.

**HSAG- lede word versoek om alle korrespondensie en omsendskrywes vanaf die Hoëveld Sindikalie Beleggers Forum (HSBF) te ignoreer aangesien dit bloot 'n smeerveltog teen die HSAG, sy bestuur en die HSAG se prokureurs is.**

#### **4. LIKWIDASIE VAN ORTHOTOUCH / ZEPHAN**

Die HSAG het verskeie e-posse en telefoonoproepe ontvang met betrekking tot die likwidasië van Orthotouch en Zephan asook die dreigement dat likwidateurs moontlik die maandelikse paaieimente, soos aan beleggers betaal, mag terugeis.

Die HSAG bevestig weereens dat 'n skriftelike opinie ten opsigte van die regspraak ten aansien van die terugeis van rente vanaf 'n Advokaat versoek was.

Die opinie stel dit baie duidelik dat die likwidateurs nie in staat sal wees om die maandelikse rentebetelings/inkomste soos aan HSAG-beleggers betaal terug te eis nie.

Alle opbetaalde HSAG-lede sal verder, soos moontlik, die nodige regshulp ontvang ingeval hul soortgelyke dreigemente ontvang. Ongelukkig sal persone buite die HSAG nie dieselfde ondersteuning kon kry nie en sal hulle al hul geld wat hul ontvang het aan die likwidateurs moet terugbetaal, sou die likwidateurs suksesvol teen hulle sou wees.

Hier volg 'n opsomming van die Advokaat se redes:

- i. Die maandelikse betalings word gemaak ingevolge 'n verpligting wat Orthotouch opgedoen het kragtens die Reëlinskema, welke verpligting opgedoen is in ruil vir die verkryging van verskeie vaste eiendomme van die Hoëveld-maatskappye. Betalings deur Orthotouch is derhalwe nie "sonder teenwaarde" nie, soos bedoel in artikel 26 van die Insolvensiewet van 1936 ("die Wet"), en gelde kan gevolglik nie teruggeëis word ingevolge hierdie artikel nie.
- ii. Wat betref artikels 29 en 30 van die Wet, sal een krediteur (soos 'n belegger) nooit bo 'n ander bevoordeel kan word solank as wat betalings deur Orthotouch

- gemaak word in ooreenstemming met die formule soos vervat in die reëlinskema dokument nie.
- iii. Betalings wat deur Orthotouch maak word is maak in die “gewone loop van besigheid”. Dit is ’n verdere rede waarom die Likwidaaturs nie die gelde kan terugeis nie.
  - iv. Orthotouch se krediteure is Hoëveld-maatskappye. Dit is die Hoëveldmaatskappye wie, by ontvangs van die maandelikse betalings van Orthotouch, op hulle beurt die beleggers betaal. Dit beteken dat die Likwidaaturs van Orthotouch slegs ’n potensiele eis teen die Hoëveld maatskappye het – en nie teen die beleggers nie.
  - v. Sou die Hoëveld maatskappye ooit gelikwedeer word, sal die likwidaaturs nie betalings kan terugeis vir soortgelyke redes as wat hierbo uiteengesit word nie.

Die HSAG was tot dusver nie ten gunste van likwidaturs nie en het die HSAG ook nooit gedreig of gepoog om Orthotouch/Zephan of selfs die HS-maatskappye te likwedeer nie.

Indien een van die maatskappye wel gelikwedeer word, sal die HSAG sy posisie heroorweeg.

Beleggers moet onthou dat die HSAG klas-aksie nie primêr teen Orthotouch en noodwendig Zephan gerig is nie. Die HSAG klas-aksie is gerig teen mnr Nic Georgiou, sy familie en entiteite wie miljarde rande ontvang het vir eiendomme wat deur die HS maatskappye verkoop en betaal was, maar welke eiendomme ten waarde van R3,2 miljard nie deur Georgiou se entiteit oorgedra was nie.

In ons vorige Nuusbriëf het ons bevestig dat Likwidaturs deur die Insolvensiewette van die land gereguleer word. Indien ’n maatskappye onder insolvente omstandighede bedryf word, is likwidaturs die enigste uitweg en het die HSAG geen beheer daaroor nie.

Wat egter skokkend is, is dat Klopper duidelik in 2014 reeds besef het dat die HS-maatskappye gelikwedeer moes word, maar wilens en wetens voortgegaan het om eiendomme van Orthotouch oor te dra; toe te sien dat huurgeld deur Zephan gevorder word; Georgiou en sy familie kwytgestel word; sekuriteite (soos borgskappe) van die tafel af gevee word. Klopper sal moet verduidelik, anders kan hy ernstige eise en in die gesig staar.

Indien Orthotouch/Zephan gelikwedeer word, sal die direkteure van beide maatskappye (wat Georgiou, Klopper en Myburgh insluit) tydens insolvensie-onderwragings moet kom verduidelik waar die miljarde rande is.

## **5. LAAT- AANSOEKE VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG**

**Laat-aansoeke sal op ’n streng ad hoc basis oorweeg word. Die registrasievorms is op die webtuiste by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za), beskikbaar of in die alternatief kan u ’n e-pos na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) stuur om ’n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooidde registrasievorms moet aan [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) gestuur word.**



## **6. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS**

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- [hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com) vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;
- [hsagwhistle@gmail.com](mailto:hsagwhistle@gmail.com) vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- [hsagdebitorder@gmail.com](mailto:hsagdebitorder@gmail.com) vir beleggers wat hul bydraes by wyse van debietorder wil betaal.

**Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie.**

## **7. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE**

Dit is 'n groot uitdaging om spoedige kennisgewings, nuusbrokkies of belangrike boodskappe aan bykans 7 000 individue oor te dra.

Ons versoek dus HSAG-lede om aan te sluit by die HSAG se amptelike WhatsApp-groepe om kennisgewings, nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp te kan ontvang.

Deur by een van die HSAG se amptelike Whatsapp-groepe aan te sluit sal u gereeld op hoogte gehou word van die nuutste verwickelinge met betrekking tot u saak.

Stuur bloot u Selfoonnommer; Identiteitsnommer; Volle Naam en Van, na [hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com) waarna u op die groepe gelaai sal word.

Direkte kontak kan ook gemaak word met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by [www.facebook.com/hsaction](http://www.facebook.com/hsaction) besigtig, ge-“like” en kommentaar op gelewer word.

## 8. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

**Ignoreer asseblief hierdie punt indien u registrasie- en regskostes reeds ten volle vereffen is.**

Dit is van uiterste belang dat enige uitstaande registrasie- en regskostes, waarvan sommige s lank gelede as 2014 reeds uitstaande is, so spoedig moontlik op datum gebring moet word. Bykans vier jaar sedert die totstandkoming van die HSAG is dit uiters onbillik teenoor getroue lede van die HSAG dat persone wie regsverteenvoordiging verlang in 'n saak waar die gemiddelde eisbedrag R250 000.00 is, nie bereid of gewillig is om die nominale bydrae vir registrasie en/of regskostes te betaal nie.

Let asseblief op die volgende:

- i. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 000 **per sindikasie** was gehef tot Oktober 2015 en daarna is dit verhoog na R1 500 **per sindikasie** en behoort so op u staat te verskyn
- ii. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 **per sindikasie**;
- iii. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 **per persoon** gemaak;
- iv. In Februarie 2018/Maart 2018 was 'n verdere opvraging tot regs- en administrasiekoste van R2 000 **per persoon** gemaak;
- v. Indien daar enige uitstaande bedrae is, word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede wie se registrasiekostes steeds agterstallig is, loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word;
- vi. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, mag daar 'n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansi le bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig;
- vii. Van die einde van Februarie 2018 word persone wie se bydraes op datum betaal is met 'n totale eiswaarde wat R50 000,00 of minder tesame met 'n skriftelike versoek aan Theron & Vennote, kwytgeskeld van die 2018 administratiewe- en regskostes.
- viii. Kwytskelding **is nie van toepassing nie** op vorige jare se registrasie / administrasie / regskostes en agterstallige fooie nie en is steeds betaalbaar.
- ix. **Geen registrasie, administratiewe of regsfooie is terugbetaalbaar nie.**

Die HSAG geniet die beskerming van 'n regsplan wat bestaan uit prokureurs, junior en senior advokate wat reeds 'n v r pad gestap het om voornemende eisers onder die sambreel van die HSAG te beskerm. In die lig van die feit dat die HSAG nou voortgaan met die sertifisering van 'n klas-aksie vir HS 21 – 22 en die proses wat nou gevolg gaan word ten einde die Art 155-Re lingskema tersyde te stel, versoek ons dat al die HSAG-lede hul kant te bring ten einde die aangeleenthede suksesvol af te handel. Almal se samewerking word vereis.

## **9. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG**

Die HSAG en hul prokureurs, Theron & Vennote, wil u graag bedank vir u volgehoue en lojale ondersteuning aan die HSAG. Die HSAG-saak behoort aan elke individuele belegger, daarom wil ons u versoek om u eie saak te ondersteun ten einde die nagenoeg R4.8 miljard van Orthotouch en andere te eis.

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG, let asseblief op die volgende:

- i. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn;
- ii. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com)
- iii. Die HSAG-beleggers se inligting wat gebruik word was aanvanklik verkry vanaf die aansoekvorms wat HSAG-lede ingevul het. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie
- iv. Die verpligting rus op u as belegger om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede deur in te skakel of om 'n e-pos te stuur na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com)
- v. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat.
- vi. Kliek asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien, geoutomatiseerde state word van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende 'n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.

**Vriendelike groete**

**HSAG-Bestuurskomitee**

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

[hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com)

## MONTHLY NEWSLETTER: JULY 2018

Dear HSAG Investor / Mr / Mrs / Ms [Customer Name]

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group ("HSAG") on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

The [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) website is the primary place where you will find HSAG information although emails are also sent out from time to time.

Please keep us up to date with any changes to your personal and/or contact details.

### 1. NON-PAYMENT OF INTEREST

To the HSAG's knowledge, the majority of HSAG members have received their interest from Orthotouch.

Mr Cohen contradicts himself in his letters by first saying that the interest is paid into an "independent attorney's" trust account, but in a follow-up letter he states that the interest is invested at one of the "Big 4" banks. On whose behalf does he invest the money and to whom does the interest accrue?

**Investors are thus requested to direct an email to Mr Cohen or his lawyers, with a copy thereof to the HSAG, in which you insist on proof in writing that your interest has been paid in another attorney's trust account. The e-mail can be sent to [leonard.att@gmail.com](mailto:leonard.att@gmail.com) with a copy to [hsagwhistle@gmail.com](mailto:hsagwhistle@gmail.com).**

